

REDAKSIONEEL

1. Met hierdie uitgawe betree Skrif en Kerk sy vyfde jaargang.

Kollega C.F.A. Borchardt verdien 'n woord van dank omdat hy verlede jaar tydens my afwesigheid die redakteurskap behartig het.

Op 31 Augustus 1983 het ons fakulteit in samewerking met ons kollegas van die Ned. Hervormde Kerk sowel Lutherfees as Bybelfees gevier. Drie van die referate wat by die geleentheid gelewer is, word in hierdie uitgawe opgeneem. Die referaat van prof J.P. Oberholzer staan met die Bybelvertaling in verband. Die ander twee, deur twee doktorale studente (G.J. Beyers en R. Venter), staan met die Lutherfees in verband. Ons plaas ook 'n lesing van prof A.H. van Zyl (reeds in 1967 gelewer) wat aanleiding tot die Bybelvertaling gegee het. Ds S.D. Snyman, 'n oud-student van ons fakulteit en tans doktorale student, lewer ook 'n bydrae. Ds Snyman word gelukgewens met sy benoeming as senior-lektor aan die Teologiese Fakulteit van die U.O.V.S.

2. Personalia

Kollega Malan Nel word gelukgewens met sy bevordering tot mede-professor.

Al is dit so 'n bietjie mosterd na die maal, wil Skrif en Kerk tog ook langs hierdie weg 'n woord van gelukwensing uitspreek teenoor prof J.A. Heyns en prof P.B. van der Watt wat onderskeidelik tot moderator en assessor van die Noord-Transvaalse Sinode gekies is.

W.S.P.